Logic will get
you from A to B.
Imagination
will take you
everywhere.
Albert Einstein
The Craft Train

Hallo liewe kunstenaars!

Ek hoop dat almal gesond is en lekker snoesig bly in die tyd wat dit effens kouer buite raak!

Ons pretles gaan vandag oor jou *verbeelding!*

Die woorde op skyfie een is vir my so mooi. Ons weet dat Albert Einstein ‘n baie slim man was. Hy was veral lief vir wetenskap, maar selfs hy het gesê dat ons verbeelding baie belangrik is en dat ons met ‘n goeie verbeelding baie dinge kan vermag!

Om jou verbeelding bietjie op te skerp is dit vir jou baie belangrik om te speel, stories op te maak, boeke te lees en sodoende prentjies in jou kop te vorm.

Ek wil jou vandag uitdaag om jou verbeelding te gebruik om prentjies te maak met allerhande items wat daar by die huis rondlê.

Ek het ‘n paar items in gedagte wat jy kan neem, op ‘n papier plaas en dan kyk of jy ‘n prentjie daarmee kan maak.

Hierdie aktiwiteit is baie soos die een wat jy voorheen gedoen het met die toutjie, maar die keer neem jy ‘n voorwerp wat nie kan verander en buig soos die toutjie nie.

Jy kan my voorgestelde items gebruik, maar as jy aan nog iets kan dink is jy welkom om dit te gebruik.



Popcorn

Skêr

Wasgoedpennetjie

Fluitjie

Potloodskaafsels

Soos jy kan sien is die opsies oneindig!

Ek dink sommer dadelik aan nog items soos:

- “paper clips”
- haarknippies
- doppies
- skulpies
- potlode
- oorstokkies
- tandestokkies

Ek sien uit daarna om te sien wat julle met julle verbeelding uitdink!

Geniet dit!